*Scriptura 29 (1989), 13-18*

# DIE UUR VAN DIE KRUISIGING EN DAGREKENING IN DIE ANTIEKE

J P Louw
Universiteit van Pretoria

## Abstract

*The discrepancy between the hour of the day when Jesus was crucified, as reported in Mk 15:25 and Jn 19:14, led to many suggested solutions - one of which argued for a Roman (Mark) and Greek (John) system of counting the hours of the day. Though very attractive and quite popular as a harmonizing device, there is no evidence whatsoever for such a distinction. All the data from ancient Greek and Latin texts substantiate a single unified system of counting the hours of the day from sunrise to sunset. However, the Roman legal calender did differ from that of the Greeks and other ancient peoples.*

Die standaardwerk oor tydrekening in die antieke wêreld is W Kubitschek *Grundriss der antiken Zeitrechnung*. Die relevante bronne uit die Griekse en Latynse skrywers is versamel en bespreek deur G Bilfinger in twee boeke. Die eerste heet *Der bürgerliche Tag*, wat handel oor die aanvang van die kalenderdag, want die antieke volke het die begin van 'n nuwe datum verskillend getel. Die probleem gaan dus om die vraag wanneer begin die 3de, of 15de, of 23ste, ens, dag van die maand. Bilfinger voer aan dat die volgende sisteme aan die orde was:

(a) die Jode en die Egiptenare het sonsondergang as die skeiding gebruik;

(b) die Umbriërs het die middel van die dag gebruik;

(c) by die Perse, Grieke, Romeine, die vroeë Christendom en die Middeleeue was sonsopgang die begin van 'n nuwe kalenderdag'

(d) vir juridiese doeleindes (kontrakte, hofsake, ens) egter het die Grieke sonsondergang gebruik, en die Romeine middernag. Teen die einde van die Middeleeue het die Romeinse juridiese sisteem, wat minder geleentheid vir dispute bied, en dus 'n praktieser verdeling was, die algemene metode geword wat tot vandag toe geld.

Dit is belangrik om te onderskei tussen die kalenderdag (d w s die datum) en die ure van 'n dag. Die kalenderdag gaan slegs om die vraag wanneer hou die 9de van 'n maand op, en begin die 10de van daardie maand. Verskeie skrywers uit die antieke

tyd handel oor hierdie vraag, byvoorbeeld Plinius (die ouere) in sy *Naturalis Historia* 2, 188. Verder vind ons dit ook by Plutarchus, Aulus Gellius en Macrobius.

Die ure van die dag behandel Bilfinger in 'n ander boek met die titel *Die antiken Stundenangaben*. By die ure van die dag gaan dit om die ligperiode van elke dag, wat in 12 eenhede verdeel is (vgl ook in die Nuwe Testament Jh 11:9), terwyl die donkerperiode van elke dag in 3 of 4 (Romeins) nagwake verdeel was. Die uurverdeling het dus net vir die ligperiode gegeld, met ander woorde vanaf sonsopgang tot sonsondergang. Omdat die twaalf ure verdeel is volgens die ligperiode, het dit meegebring dat die ure van die somer langer was as in die winter. Ure het dus volgens Bilfinger gewissel van 45/50-70/75 minute in ons moderne terme, na gelang van die seisoen en die betrokke plek. Dieselfde gegewens vond ons ook by Kubitschek, p 182/3. Al is Bilfinger en Kubitschek se publikasies baie oud, bly hulle nog steeds die enigste groot studies oor die onderwerp. Verder is die aard van hulle gegewens sodanig dat dit moeilik kan verouder, omdat hulle hoofsaaklik net bronnemateriaal bied.

Meestal is die ure van die dag in terme van 'n drie- of vierdeling benoem: oggend, middag, namiddag/vroeg oggend, laat oggend tot middag, namiddag, laat namiddag. Die oggend as geheel is soms die 3de uur genoem, omdat dit dan so ongeveer die middel van die oggend was. (Markus se 3de uur [Mk 15:25] waarop die kruisiging plaasgevind het, hoef dus nie presies 9 uur die oggend te wees nie.) Die 6de uur was ook 'n ronde getal vir enige tyd teen die middel van die dag, terwyl die 9de uur so ongeveer die grootste deel van die middag kon dek. Die benaminge vir die vroeg-oggend en die laat-namiddag is soms ook vir die laaste en eerste dele van die nagwake gebruik, wat aandui dat die periodes baie ruim en globaal getel is.

Die hele antieke wêreld het die ure van die dag vir die ligperiode gebruik. Daar was geen afsonderlike Griekse of Romeinse sisteem nie. Bilfiger (p 112) sê pertinent met verwysing na Jh 19:14 '... ist die Voraussetzung, dass die Syrer oder die Römer im gerichtlichen Gebrauch eine solche (d w s van middernag af) Stundenrechnung gehabt haben, vollständig unhaltbar, nicht nur unerwiesen, sondern im vollsten Widerspruch mit allen Thatsachen, die für den bürgerlichen Gebrauch des gesamten Altertums keine andere Berechnung der Stunde als die *ab ortu et occasu* zulassen'. In Hastings se *Dictionary of the Bible* sê W M Ramsay tereg in Vol 5 p 477b '... no example has ever been quoted from the ancient writers in which the hours were counted as beginning from midnight. Though the Roman legal Day (die kalenderdag, dus) began at midnight, yet the hours of the day were counted only as beginning from sunrise'. Slegs die juridiese kalenderdag het verskil, nie die uurtelling nie.

Dit is dus foutief om soos Norman Walker in *Novum Testamentum* IV pp 69-70 te praat van 'n onderskeid tussen die synoptici wat die Griekse sisteem sou gebruik het en die Johannes-evangelie wat die Griekse tel van die ure gebruik het. So 'n onderskeid het nie bestaan nie. Walker se artikel het as uitgangspunt 'n poging om die verskil tussen Markus (3de uur) en Johannes (6de uur) in verband met die kruisiging uit te stryk. Al sou so iets waar gewees het, sou daar nog steeds'n 3 uurverskil gewees het. Walker se oplossing help wel 'n bietjie om die kruisiging vroeër

te plaas, aangesien daar van 12-uur af min tyd sou wees vir al die verdere gebeure. Maar Johannes sê (Jh 19:14) dat Pilatus vir Jesus 'omtrent' die sesde uur oorgelewer het om gekruisig te word, wat in terme van antieke telling 'n ronde meting was, sodat selfs ietwat vroeër as 11-uur die oggend nog daarby kon inpas, aangesien die ure meestal verlopend getel was, met ander woorde die sesde uur was nie noodwendig wanneer dit 12-uur presies was nie, maar het die tydperk vanaf 11 tot 12-uur ingesluit (Kubitschek p 183). As die presiese uur bedoel was, is gewoonlik terme soos *akribes* (presies, noukeurig), of *pepleromenes* (voltooid, volledig) bygevoeg. Die Romeine het dit *hora plena* genoem. Met ander woorde, hoewel die uitdrukking 'sesde uur' 12-uur die middag kon aandui, kon dit ook die tyd tussen 11 en 12-uur bedoel het. Tyd was nie in die antieke baie presies getel nie, tensy die skrywer dit pertinent gesê het.

Walker haal Plinius (23-79 AD) 2, 188 aan as bewys vir 'n tweeledige sisteem sonder om te besef dat Plinius nie oor die uurtelling praat nie, maar oor die aanvang van die kalenderdag. Walker baseer sy opvatting deur slegs die vier gevalle in die Johannes-evangelie (1:39, 4:6, 4:52, 19:14) te bespreek, plus een ander verwysing na die marteldood van Polycarpus (8ste uur) en Pionius (10de uur), wat volgens hom liefs in die oggend moes gebeur het, soos dit meestal (?) die gewoonte was. Daar bestaan egter geen noodwendigheid dat die teregstellings nie in die middag kon geskied het nie. Daar was geen vaste reël nie. 'n Marteldood van Zenobius en Zenobia is ook bekend, wat op die 9de uur plaasgevind het. Walker haal geen antieke skrywers oor die tydrekening aan nie. Hy verwys net na verskeie Bybelkommentare wat heelwat navolging geniet het, en wat dieselfde harmoniëring wil bewerk as wat hy voorstaan. Almal wat hy aanhaal verwar egter die uurtelling met die aanvang van die kalenderdag.

Die manier waarop Walker en sy geesgenote Jh 4:6 hanteer, is nog meer verbasend, aangesien die 6de uur volgens die veronderstelde Romeinse telling wat Walker vir Jh 4:6 gebruik, 6-uur die oggend moes wees. Maar dit sou beteken het dat Jesus en sy dissipels die hele nag moes gereis het. Walker pas dit aan deur te sê 'the modern reckoning makes this 6 pm'. Walker spring dan sommer na ons moderne metode van 'n 2 x 12 uurtelling, wat volgens Bilfinger eers teen die einde van die Middeleeue aan die orde gekom het. Die Bybelkommentare wat Walker aanhaal, maak ook gebruik van ons moderne metode van 2 x 12 ure, wat nie in die antieke tyd bestaan het nie. Nog meer verbasend is dat Walker steun vind vir sy standpunt in die Latynse voorwoord van 'n 4de eeuse kommentaar op die Johannes-evangelie, waarin gesê word dat Johannes, wat baie oud was, van 'n scriba gebruik gemaak het om sy evangelie te skryf. Johannes het noukeurig aan hom dikteer. Walker konkludeer dan dat dit hierdie scriba was wat Johannes oorreed het om die moderne tydrekening te gebruik. Dit alles word aanvaar sonder om aan werklike bronne uit die Grieks-Romeinse wêreld oor die ure van die dag aandag te gee. Om die vermelding van 'n scriba se aandrang (waarvan daar niks in die Latynse voorwoord staan nie) as bewys vir tydrekening te sien, is uiters vergesog.

Antieke skrywers wat pertinent oor Jh 19:14 skryf, maak geen melding van 'n 'moderne' wyse van uurtelling nie. Hulle gee ander verklaringe. Cyrillus *Katechesis*

13, 25 (4de eeu) verbind Amos 8:9 met die kruisiging, en sê daar staan in Amos 8:9 dat die son in die middel van die dag sal ondergaan, en voeg dan by dat tydens die kruisiging dit donker geword het vanaf die sesde uur. Of ons Cyrillus se parallel met Amos aanvaar of nie, die feit bly dat dit vir hom die sesde uur teen die middel van die dag was. Tertullianus doen dieselfde in *Adv Marc* 4, 41 as het sê dat die son teen die middel van die dag verduister het, want daar word van die sesde uur gepraat. Augustinus *De Consensu Evngelistarum* III, 50 (4/5de eeu) sê dat Johannes nie oor die tyd van die kruisiging praat nie, maar oor die Pasga wat op die sesde uur geslag is. Jesus is die Paaslam. Augustinus maak ook pertinent melding dat Johannes sê 'omtrent' die sesde uur, om aan te dui dat die werklike sesde uur nog aan die kom was, en dat dit dus nader aan die synoptici staan as wat dit lyk. Of ons hierdie verklaring aanvaar of nie, dit lyk dat Cyrillus, Tertullianus en Augustinus nie bewus was van 'n tydrekening soos ons moderne metode nie.

Euthymius Zigabenus (4/5de eeu) sê in sy kommentaar *In Ioannem* oor Jh 19:4 dat die term 'die sesde uur' aandui dat dit al ver in die dag was, en op pad na die middag toe. Hesychius van Jerusalem (4/5de eeu) sê in *Catenae in NT* Vol 2 p 389 dat Markus van die uitspraak van die verhoor praat, wat teen die 3de uur plaasgebind het, terwyl Johannes van die werklike kruisiging praat as hy die 6de uur noem. Tussen die twee gebeure het nog 'n hele proses verloop. Die *Scholia Vetera in Ioannem* (Migne Vol 106 p 1283) sê ongeveer dieselfde. Al pas hulle verklaringe vir die verskil tussen Markus en Johannes nie goed by die feite van Markus se teksverloop nie, die feit bly weer eens dat hierdie antieke skrywers niks van 'n tydsrekening soos ons moderne wyse geweet het nie. Bilfinger wys ook uitdruklik daarop dat *hora sexta* dikwels (soos by Cyrillus en Tertullianus hierbo genoem) met die woord *meridie* in Latyn of *mesembria* in Grieks (wat op die middel van die dag dui) in antieke bronne verbind word. Hy gee verskeie aanhalings uit Romeinse en Griekse skrywers (pp 19-37). Uit Bilfinger se bronne kan ons maar net let op Plinius *Historia Naturalis* 18, 33 (76), waar van die sesde uur gesê word dat dit die tyd van die dag is wanneer die skaduwees die kleinste is. So ook word in die astronomiese lering van Manilius (I, 635-6) gesê 'sextamque examinat horam et paribus spatiis occasus cernit et ortus'. Met ander woorde, die 6de uur merk aan dat daar tussen sonop en sononder 'n gelyke spasie is. (Kubitschek, p 185/6 gee soortgelyke voorbeelde uit Macrobius, Achilles Tatius, ens.)

Uit die Griekse medikus Galenus (130-201 A D) se geskrifte blyk dat wanneer vir die nagperiode meer presiese tye as die 3 of 4 nagwake aangegee is, die nag ook in 12 ure verdeel is, sodat die term 'middernag' gelyk is aan 'die sesde uur van die nag'. Ook dié gegewens dui daarop dat van 'n 2 x 12 uurtelling soos in moderne tye geen sprake was nie. Die sesde uur van die nag was dus middernag en nie 6-uur die oggend nie, soos Walker en sommige Bybelkommentare dit wil lees nie. Kubitschek (p 186/7) sê uitdruklik dat al het die Romeine die juridiese kalenderdag met middernag begin, het hulle vir wetenskaplike doeleindes die ure van die nag nog steeds soos die hele antieke wêreld ook in 12 verdeel, '... dass er den Sonnenaufgang mit hora XII noctis und den Untergang mit hora XII diei gleiche'.

Ten slotte kan ons let op wat Romeinse skrywers oor die ure van die dag sê waaruit duidelik blyk dat die Romeine, net soos die ander volke, die ure met sonsopgang begin tel het en nie van middernag af nie. Palladius skryf in die 4de eeu n C in sy *De Re Rustica* dat die skadu van 'n mens gedurende die dag ewe lank is vir die ooreenstemmende ure van die oggend en die middag. Vir die maand Januarie, sê hy, het hy sy skadu as 29 voet gemeet op die eerste en die elfde uur; op die derde en negende uur was dit 15 voet, en op die sesde uur was dit 9 voet. Op die sewende was dit weer 10 voet, net soos dit op die vyfde was. Een van die bekendste passasies oor die uurtelling vind ons by die Romeinse digter Martialis (IV, 8), wat gedurende dieselfde tyd as die skryf van die N T geleef het. Die eerste uur noem hy die groetgeleentheid: wanneer mense môre sê. Die volgende uur is wanneer die advokate begin met hulle hofredes; die uur daarna is vir alle ander werk. Dan volg 'n uur van rus, gevolg deur 'n besoek aan die gymnasium, ens. Wat duidelik blyk, is dat die ure vanaf sonsopgang getel word, nie van middernag af nie.

Daar bestaan hoegenaamd geen grond vir die opvatting dat die Johannes-evangelie die ure in die moderne tyd getel het nie. As ons in ag neem dat ure nie met presiese horlosies getel is nie, bly die verskil tussen Markus en Johannes se tydsaanduidinge nie so kritiek as wat die lyk nie. Tog kan dit nie weggeredeneer word nie. Daarom, as ons die uurtelling wel in ag wil neem, sou ons nie meer kon sê as dat indien Markus 'n spesifieke tyd in die oog gehad het, dit 'n periode kort voor, of teen die middel van die oggend moes wees. As Markus egter met die derde uur 'n 'ronde' aanduiding gegee het, kan dit 'n redelike deel van die oggend dek. Op dieselfde wyse kon Johannes met die sesde uur 'n tyd rondom die middel van die dag, of 'n periode kort voor die middel van die dag, dit wil sê laat-oggend, bedoel het. Ons moet egter waak om nie hierdie moontlikhede te rek totdat die twee berigte mooi harmonieer nie. Dit sou beteken dat ons die grense van ons data oorskrei. Die oplossing moet liefs nie gesoek word in terme van uurtelling nie. Dit is wetenskaplik veiliger om nie meer te aanvaar as dat Markus en Johannes verskillende verwysingspunte in hul uurtelling gebruik het, wat uit die beskikbare data nie presies te bepaal is nie. So 'n konklusie los natuurlik nie die probleem op nie, maar sonder wetenskaplik bevredigende data moet ons dit nie by wyse van spekulasie probeer doen nie. Naas suggesties vir oplossings is dit in enige wetenskaplike werk ook nodig om probleme te erken, en op 'n oplossing te laat wag. Uurtelling sal hierdie probleem in die Evangelies met die beskikbare data nie oplos nie.

# BIBLIOGRAFIE

Kubitschek, W 1928. *Grundriss der antiken Zeitrechnung* Vol 1, 7 Handbuch der Altertumswissenschaft. München.

Bilfinger, G 1988a. *Die bürgerliche Tag*. Stuttgart.

1988b. *Die antieken Stundenangaben*. Stuttgart.

Hastings, J 1951. *Dictionary of the Bible* 5 Vols. Edinburgh.

Walker, N 1960. 'The Reckoning of the Hours in die Fourth Gospel', in *Novum Testamentum* IV, 69-73.